

27 Oktober

Rigters 5 (5:23)

Ons moet die Here help; Hy't ons hulp nodig

"Ons hulp kom van die Here..." Ongelooflik vreemd, maar ook die omgekeerde - ons moet die Here help! Gewone, swakke mense moet God help! Nie omdat Hy onmagtig of magteloos is nie, dis verregaande om dit van die Almagtige te dink. Hy kan immers 12 legioene engele stuur... of Hy kan die natuur inspan... Hy kan maar net 'n woord praat...

Nie omdat Hy Homself in een of ander moeilikheid bevind en nou hulp van buite af nodig het nie...

Maar omdat dit Hom behaag dat ons Hom sal help met sy saak op aarde. Sy vyand is ook my, gelowige, se vyand. Sy oorlog ook my oorlog soos die van Israel teen Jabin en Sisera.

Die hele volk is opgekommandeer, dapper vegters, vrywilligers het opgedaag, maar Ruben het net beraadslag, 'n gepraat sonder daad; hulle't bly sit, na musiek geluister en eerder na hulle eie belange gekyk. Gilead het tuis gebly. Dan se mense het hul eie belange vooropgestel - hul skepe en kaaie. Daar was die inwoners van Meros, dig by die slagveld, wat gekyk het wat vir hul die voordeligste was. Wanneer Debora hierdie lied aanhef, staan die oorwinning reeds vas. Sisera is dood en sy leer verslaan. Wanneer die Here ons oproep om Hom te help, staan die oorwinning ook reeds vas: Jesus het die dood oorwin, met sy vyand afgereken. Ons moet die Here ten minste op drie terreine help - sy Naam, sy koninkryk, sy wil. Ons is sy oë, ore, hande, voete, mond.

Hy vra vrywilligers, medewerkers, dapper vegters wat vir geen vyand sidder nie, wat nie eie belange vooropstel nie, wat nie net praat oor hoe belangrik die saak van die Here is nie, maar nie tot die daad oorgaan nie, nie sit en kyk wat die voordeligste is nie ... Meros is vervloek, Jael en die dapperes geprys en geseën!

Sing: Psalm 84:1, 5

Ds. P.K. Lourens (Bloemfontein-Oos)